# Beleidstandpunte Eiendomsreg

**Eiendomsreg/Privaat besitreg**

• TLU SA onderskryf die wettige en legitieme behoud van en aanspraak op wettig-verkreë besitreg. Hierdie eienaarskap is ononderhandelbaar en verdien die volle beskerming van die Grondwet. Verandering van sodanige eienaarskap is slegs aanvaarbaar binne die begrip van vrywillige afstand daarvan of ooreenkomstig universeel-aanvaarbare regsprosesse waartoe die eienaar bekostigbare en vrye toegang het en wat ooreenkomstig internasionale praktyk geskied. Privaatbesit van produksiemiddele is noodsaaklik vir die uitoefening van verantwoordelike rentmeesterskap.

• TLU SA staan dus enige wetgewing of praktyke teen wat hierdie beginsels versaak en wat op diskriminerende wyse 'n ekonomiese stelsel bevorder wat die reg en waarborg van privaat eiendomsbesit in die gedrang bring. Vir die doeleindes van hierdie uitgangspunt, word die volgende as "Eiendomlik" geag:

- Taal, kultuur, opvoeding en historiese erfenis
- Roerende eiendom
- Onroerende eiendom
- Gelykheid voor die reg
- Burgerskap
- Menswaardigheid

• Hierdie toedrag van sake word tans ernstig bedreig. Dit is gevolglik noodsaaklik vir 'n organisasie soos TLU SA om nie alleen in die belang van sy lede nie, maar ook in belang van alle deelnemers in die landboubedryf, sy standpunt met betrekking tot bepaalde invloede en verwikkelinge, ondubbelsinnig te stel.

• TLU SA onderskryf die uitgangspunt dat die mens beleef voorspoed in skeppende, produktiewe arbeid en privaat eiendomsbesit. Dié beginsel bevestig dat op die lange duur produktiewe werk volgens ons Christelike roeping as kommersiële landbouers, kennis, wysheid, verantwoordelike bestuur en privaatbesit van produksiemiddele, die basis is van die reg op eiendom. Eiendomsreg is die grondslag van 'n ekonomiese stelsel van 'n vrye ekonomie met beperkte staatsinmenging en wat groeiende ekonomiese omstandighede verseker. In die lig

van hierdie beginsels staan TLU SA by die kommersiële boer vir die behoud van sy grond (plaas) en vir die bedryf van volhoubare landbouproduksie in 'n vrye ekonomie.

**Onteiening**

- Onteiening mag slegs geskied as dit noodsaaklik is vir verbetering van infrastruktuur of in soortgelyke algemene openbare belang.
- Onteiening moet dan gepaard gaan met markverwante vergoeding aan diegene wat onteien word.
- Die boere het nie grond gesteel nie.
- Die begrip "ontneming" is 'n term wat in die Grondwet weggesteek is, waardeur boere hulle minerale- en waterregte verloor het, sonder vergoeding. Dit is niks anders as onteiening sonder vergoeding nie met ander woorde diefstal en sosialisties in sy wese.

**Onteiening sonder vergoeding**

- TLU SA verwerp die standpunt van onteiening sonder vergoeding aangesien dit as blatante diefstal beskou word en enige beleggingsmoontlikhede in Suid-Afrika sal benadeel.
- Geen lid het onregmatig sy grond bekom nie.
- Die negatiewe impak van onteiening sonder vergoeding, hetsy in die Grondwet of deur middel van wetgewing, sal vernietigend vir ekonomiese groei wees.

**Esta-wetgewing / Huurarbeiders**

- Arbeiders wat regte op plase vestig deur hulle geskiedenis as arbeider op die plase is 'n onbillike praktyk en gaan boere se bedrywe nie-winsgewend maak en uiteindelik verwoes. Dit is diskriminerend van aard aangesien in geen ander bedryf of selfs in die staatsdiens vestig arbeiders sodanige regte nie.

**Grondhervorming oftewel Grondherverdeling**

TLU SA is nie gekant teen nuwe toetreders tot die landboubedryf nie, mits hulle wil boer en die verantwoordelikheid wat dit verg om boer te wees aanvaar.

- Grondherverdeling bly 'n polities-emosionele proses wat nie met ekonomiese realiteite rekening hou nie;
- Grondherverdeling sal slegs slaag as dit deel is van die vryemark-proses waar gewillige kopers hulle grond aankoop, desnoods met regeringshulp, maar hulle sodoende verpligtinge en verantwoordelikhede kry om na te kom;
- 'n Behoorlike en geloofwaardige grond-oudit moet voltooi word voordat nog grond gedwonge op rassebasis van eienaar verwissel word;
- Die boere het nie grond gesteel nie - uitlatings in die verband moet onmiddellik gerepudieer word met die nodige feite.
- TLU SA het inderdaad reeds in ongeveer 2010 'n beloning van R100 000 aangebied aan enige individu wat kan bewys dat enige lid van TLU SA hul grond gesteel het. Die geld is steeds veilig.

**Swart ekonomiese bemagtiging (SEB)**

- Die proses rondom AgriSEB het sedert die eerste fase waarby TLU SA nie betrokke was nie heelwat interaksie teweeggebring. Met die daarstelling van die "Steering Committee" is TLU SA wel betrek en is daar deurlopend duidelik standpunt op skrif ingeneem oor die posisionering van TLU SA. Die tekortkominge ten opsigte van die proses en die nadelige effek wat dit op voedselsekerheid gaan hê is telkens uiteengesit.
- TLU SA is van mening dat die eise en benadering nie haalbaar is nie. Nie alleen bedreig dit wettig verkreë eiendomsreg nie, maar dit verdeel ekonomiese eenhede in onekonomiese eenhede. Dit sal lei tot die ondergang van kommersiële landbou.
- Daar bestaan haalbare, praktiese en voldoende alternatiewe om die toetrede van swart boere tot die landbousektor moontlik te maak sonder die toepassing van beide die Wet op die Herstel van Grondregte sowel as AgriSEB. Die benutting van staatsgrond, grond wat op die ope mark beskikbaar is en die beginsel van "gewillige verkoper – gewillige koper" sal tot beter resultate asook gesindhede lei.
- TLU SA bevorder binne die raamwerk van aanvaarbare wetgewing, die konsep van Breë Basis Ekonomiese Bemagtiging (BBEB) waarin die betrokkenheid van die Staat tot 'n minimum beperk word en die breë basis van ekonomiese

bemagtiging deur kundigheid, vermoëns en bestuurbare ekonomiese kragte bepaal sal word.

- TLU SA is die enigste landbou-unie wat by die daarstel van die AgriSEB-handves, dit nie onderteken het nie.
- Enige gedwonge inmenging in enige onderneming se bedryf of eienaarskap, tas die vryemarkbeginsel aan en kom neer op sosialisme.

**Transformasie in die landbousektor**

- Die begrip "transformasie" en wat elk daaronder verstaan is belangrik.
- In die belang van almal betrokke, is dit belangrik dat ekonomiese volhoubaarheid en stabiliteit in die sektor gehandhaaf word.
- Die produksie van voedsel en vesel, asook die verdienste van buitelandse valuta moet nie deur die proses nadelig beïnvloed word nie.
- Die Staat het die verpligting om nuwe toetreders na behore te bemagtig met inbegrip van redelikheid en winsgewendheid sonder dat ander deelnemers in die sektor met hierdie verantwoordelikheid belas word.
- Waar daar van mentorskap gebruik gemaak word, moet sodanige betrokkenheid en oordrag van kundigheid, op 'n vrywillige basis geskied sonder dat die finansiële situasie van mentors benadeel word.
- Die belangrike punt hier is wat bedoel die verskillende rolspelers met die begrip "transformasie"? Indien enige handeling nie die ekonomiese volhoubaarheidstoets slaag nie, is dit kortsigtig en uiters gevaarlik om daarmee voort te gaan.
- TLU SA se definisie van die begrip "transformasie" is 'n meetbare positiewe verandering in stelsels of van 'n spesifieke ontwikkelingsgebied tot voordeel van alle partye sonder die benadeling van enige rolspeler.

**Buitelandse besit van grond**

- Die besitreg van grond is 'n aangeleentheid wat deur die regering verpolitiseer is en wat tot nadeel van die ekonomie in die toekoms ons duur te staan kom.
- TLU SA is van mening dat grondbesit 'n aspek is wat grootliks deur die ekonomie gerig moet word.

- ʼn Kundige boer wat grond optimaal benut moet die basis van beredenering bly. Indien buitelandse kapitaal sou veroorsaak dat grond op die korrekte wyse benut word en dit as kapitaalinspuiting in ʼn gemeenskap ʼn bydrae maak kan dit nie afgeskiet word nie.
- Die gevaar bestaan egter dat grondbesit later nie meer in balans is nie, moet teen gewaak word. Meganismes kan ingestel word om buitelandse besit te reguleer.
- Dit is egter nie eenvoudig nie aangesien dit maklik is om ʼn binnelandse vennoot te kry en sodoende enige kontrole oor hierdie besitreg te omseil.
- Daar moet gewaak word dat die balans van buitelandse grondbesit nie die SA Burgers se regte tot grondbesit versteur nie.